**MESSIAS EN ANTI-MESSIAS[1] - WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN DIE TWEE VOLGENS DIE SKRIF?**

1. Die Messias se Naam beteken: Die verlossing van Yahweh, die Antimessias s'n nie - Matt 1:21. ("Y'shua" beteken: Yahweh is verlossing)

2. Yahweh se Naam is in die Messias, nie in die Antimessias nie - Eks 23:21

3. Die Messias openbaar ("phaneroo" = to show, manifest, declare) die Naam van Yahweh aan sy volgelinge, die Antimessias laster ("blasphemo" = to speak in a way that hinders, injures or hurts) die Naam van die Allerhoogste - Joh 17:6; Openb 13:6

4. Die volgelinge van die Messias is min en afgesonder, maar die volgelinge van die Antimessias is 'n menigte - Mat 7:13,14; Openb 13:3,8

5. Die Messias en sy volgelinge word vervolg en om die lewe gebring, die Antimessias en sy volgelinge floreer - Joh 15:20; Openb 13:15-17

6. Die Messias bevestig en vervul die wet van Yahweh, die Antimessias probeer om dit te verander - Mat 5:17-19; Dan 7:25

7. Die Messias leer en onderhou self die gebooie van Yahweh, die Antimessias nie - Joh 15:10; Mat 19:17; Luk 10:28; Openb 22:14

8. Die Messias verkondig dieselfde woorde en lering as die Vader, die Antimessias nie - Deut 18:18; Joh 3:34; Joh 7:16; Joh 8:28; Joh 8:40; Joh 12:49; Joh 17:8

9. Die Messias is die Meester van die Sabbat en onderhou die Sabbat, die Antimessias nie - Mark 2:28; Luk 4:16 ('n Mens kan net raai wie se idee dit was om Sondag as "dag van die Here" aan die christendom bekend te stel!)

10. Die Messias se volgelinge gedenk die dood en opstanding van hulle Meester jaar na jaar tydens die Pasgafees en onderhou Yahweh se feeste, die Antimessias se volgelinge fabriseer alternatiewe feeste en gedenkdae - Dan 7:25; 1 Kor 11:23-26

---

[1] Die voorvoegsel "anti" in "Antimessias" kan "teen" of "in die plek van" beteken. Wanneer "anti" in die Nuwe Testament gebruik word, het dit meesal die betekenis van "in die plek van", soos in Mat 2:22 "Archelaus was koning in die plek van ("anti") sy vader Herodes".